
# SONJA DUVENAGE (LIEFBROER)

Hier is my baie kort storie… (niemand wil lang goed lees nie)



Ek het na skool onderwys gaan swot by TUKS. Ek en Duwies is getroud in 1989 en het die eerste vyf jaar in Cradock gewoon.

Twee seuns later (Roedolf en Adriaan) verhuis ons in 1995 na Barberton in die Laeveld waar ons steeds bly.



**My wakker word view ☺**

Dit is die lekkerste plek en ek is mal oor my huis en tuin….wil op geen ander plek wees nie en sal definitief hier aftree. Ek beplan ‘n orgideë kweekhuis as ek eendag ophou werk… seker oor 3 of 4 jaar.

Ek is steeds in die onderwys vanaf 1995 en is tans adjunkhoof by Hoërskool Barberton.

**Die vyf manne in my lewe**



Die van julle wat my pa onthou….die snoepie onnie. Hy is ook vanaf 2021 in Barberton en word November 91 jaar oud. Baie gesond en dis ‘n groot voorreg om hom naby te hê.



**Hierdie seuntjie … Wiham… is sy ouma se hart se punt. Hy is die mooiste, slimste en oulikste seuntjie!!**

Ek het een en ‘n halwe kleinkind want die outjie gaan ‘n boetie of sussie kry in Maart volgende jaar.

Beide my seuns is getroud en ek het lieflike skoondogters… (Trish en Zani)

My lewe is vol en ek is skatryk met vriende, familie, wilde diere en die bos om my. Ek sê elke dag dankie vir my rykdom!!!



Nou kan ek my taak vir

Grobbies mail … ***(haha… at last)***